

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Skoonmaak...”

Skriflesing: Johannes 2:13-25 (1953)

¹³ EN die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem.

¹⁴ En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit.

¹⁵ En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer.

¹⁶ En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie.

¹⁷ En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer.

¹⁸ Toe antwoord die Jode en sê vir Hom: Watter teken toon U aan ons, dat U hierdie dinge doen?

¹⁹ Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.

²⁰ En die Jode sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig?

²¹ Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.

²² En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het.

²³ En toe Hy in Jerusalem was op die pasga gedurende die fees, het baie in sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen.

²⁴ Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het

²⁵ en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat in die mens is.

Broodjies vir die pad

DIE MORUTI

Die klein moruti met die horrelvoet
het sy eie motor en dra 'n swart pak;
sy vrou in damas groet beleefd.

Pa wys hulle die melkskuur
en uit die strooise op die plaas
kom vanmiddag 'n gemeente,
kom in hulle beste klere

en ruik na Sunlight-seep, Dubbin,
kom na die skuur en sit op die krip.
Ek gaan sit by Sloepok Mokwena
en luister hoe die man met die bril
uit die Testamente e Ntja lees
en oor die liefde van Christus praat;
en hulle sing met stemme
wat ek nie ken uit die kombuis nie
of as in die môre gemelk word
of klere gewas word by die handpomp
of hawer gesny word op die lande nie;
sing hard en soel 'n lied
wat die tik-tik van die sinkdak
in die middaghitte stil maak
en my laat vergeet van die hommelby
wat dreun en sy gat in die muur soek.

Bid dat God hulle sal help by die werk
en met die klein boerdery op die land.

Bid vir ons almal op die klipvloer.

(c) Johann Lodewyk Marais

Vanaf Umblaasweg maak die pad 'n wye boog op weg na eMbumbulu, Plek van Misleiding. 'n Ent voor die afdraai na Eston, in 'n eens besige maar nou verlate slaghuis, met 'n houtkruis bo teen die nok van die dak vasgetimmer, het ek ook so 'n gemeente geleer ken.

En geleer bid:

“Baba wethu osezulwini,
dankie vir die pampoens.
Vir die bone wat opgekom het,
lig ek U naam hoog op, Here.”

So, dankie ook vir die gedig.

<http://versindaba.co.za/2015/02/28/johann-lodewyk-marais-die-moruti>



Kerk hoort op politiek se gastelyst

Christina Landman

Nou die dag slaan ek my oë op in die kerk en daar sit Julius Malema.

Die kerk waarvan ek praat, is die groot kerk in Bosmanstraat, Pretoria, waar die staatspresident in die ou tyd ingehuldig is. En hier sit Julius, sy vrou en sy entourage en bely die Belydenis van Belhar saam met ons. “Ons” is nou die Verenigende Gereformeerde Kerk, wat altyd die swart en die bruin dogters van die NG Kerk was.

Ek maak natuurlik dadelik seker dat die kerk Julius nie genooi het nie, want politieke leiers hoort nie op die kerk se

gastelys nie. Maar Julius is toe daar vir persoonlike redes. Om sy neef te ondersteun wat ingehuldig word as 'n proponent. Hy sit joepstil deur die diens en net toe hy sy neef gelukwens, gaan 'n groot wit lig op soos hy glimlag. Ná die diens is die familie Malema vort, maar ek sou Julius graag 'n paar vrae wou vra.

Die eerste een is hoekom hy Thandi Modise nie nou die dag in die parlement gevra het hoe dit met haar (voormalige) varke gaan nie. Want 'n mens moet seker maak: Soos 'n mens jou varke behandel, so behandel jy mense. Of nie?

Ek wil hom ook vra hoekom hy by ons kerk aankom met sy oopslaanhempie, want ons dra pakke en togas en ons wil nie hê politici moet ons dalk soos varke laat voel nie.

Maar veral wil ek hom hierdie vraag vra. En dis 'n vraag aan hom as die (voormalige) voorsitter van die ANC se jeugbrigade. Ek wil hom vra wat hy dink van die National Youth Policy (NYP) 2014-'19. Die vorige NYP het baie plek gemaak vir kerke, vir alle organisasies wat op geloof gegrond is. Kerke sou hande vat met die regering om die jeug te help met werk en waardigheid.

Maar nou, in die nuwe voorstel vir 'n NYP . . . weg is die kerke! Weg is al die godsdienstige instellings. En wat is dit nou?! Dis tog die kerke en al die ander geloofsgebaseerde organisasies wat die naaste aan die grondvlak kom.

Malema werk met die werkers se pyn, met die pyn van werkloosheid. Vir wat probeer hy dit alleen doen? Die kerk kan kom waar politici nie kan nie.

Ek wil Malema vertel van die jong vrou wat nog skoolgaan en werk ook, kinders het en ander se kinders help grootmaak. En dat haar man rondloop en dat sy, 'n pilaar van die samelewing, nou sommer haar klere in geselskap uittrek omdat haar vel jeuk van die sere. Die Virus het in haar kop kom bly. Ek wil Malema vra of hy haar ken? Hy ken seker ander soos sy, maar hierdie vrou spesifiek . . . die kerk ken haar. Hoe kan die kerk en die politici dan nie saamwerk nie?

Ek wil Malema vertel van 'n (verlangse) vriend van my. Hy kom op 'n klomp gesteelde koper by sy werk af. Hy rapporteer dit. Die eerste ding wat hulle hom by die werk vra, is: "Who tipped you off?"

Hy sê nee, hy het toevallig daarop afgekom. Sy werk rapporteer dit aan die polisie. Die polisie kom en sê hy is die hoofverdachte. Hulle huur iemand om 'n leuenverklikkertoets op hom te doen. Hy slaag die toets.

Die saak het intussen verdwyn en my vriend loop nou maar by die werk op plekke waar hy nie goed kan ontdek wat hy nie mag sien nie.

Ek wil Malema vra of hy dink die parlement kan ons nog help. Dankie dat hy sy tyd daar mors, maar miskien het nog net die kerke (oftewel die godsdienste) oorgebly om mense waardes te leer.

Dink hy regtig die parlement se wette en dié wat die wette moet toepas, kan ons nog red?

Daarom, mnr. Malema, dankie dat jy ons kerk bygewoon het.

Die kerk kan jou as 'n politikus nie op ons gastelys sit nie. Maar sit jy gerus die kerk op die politiek se gastelys.

Want ons kan kom waar julle nie kan kom nie.

Daar waar daar pyn is, daar is die kerk.

Die kerk hoort op die politiek se gastelys.

Brood vir die pad

Wanneer die lawaai nie van buite kom

Wilhelm Jordaan

Daar is gereeld vroeg op 'n Sondagoggend iemand wat in die strate om ons huis só die toeretellers van sy Harley-Davidson-motorfiets met 'n donderende gedreun opjaag dat die hadidas skellend padgee.

Dit pla my nie, want 'n Harley is 'n lieflike masjien wat my altyd aan Filippo Marinetti se woorde in sy Futurist Manifesto laat dink: "We shall sing a hymn to the man on the machine who hurls the lance of his spirit across the earth . . ."

Soos die lewensblye Antonio Corelli (in Louis de Bernières se Captain Corelli's Mandolin) dit met sy Moto Guzzi gedoen het toe hy sy geliefde, en steeds protesterende, Pelagia op 70-jarige ouderdom op 'n woeste pretrit geneem het.

As ek Sondaie die Harley hoor, ry ek dus saam in die wapperende wind van my verbeelding.

Baie ander is egter nie gelukkig oor die Harley en ander soorte lawaai op 'n Sondag (of enige ander dag) nie: alles onverkwiklike geraas wat die stilte én gemoedsrus versteur.

Die geraasmakers is in veelvoud: rock, rap, heavy metal, reggae, supersoniese vliegtuie, sidderende stampbore, die skril venyn van hoekslypers en grassnyers, dreunende swaarmasjinerie, woedende bande op teer, angstige, loeiende sirenes. Ook die frenetiese intensiteit waarmee sommige radio- en TV-aanbieders hul programme se impak probeer verhoog.

Inderdaad, gemeet aan die aantal desibels is al dié dinge, en nog meer, die louter desi-hel van klank – soos die klank-inferno's in die fliet Apocalypse Now.

Sulke geraas kom van buite. Daar is egter 'n ander en bedreigender "geraas" – 'n innerlike kakofonie van die gees wat uit buitensporige selfbehepthed kom. Soos in die Griekse mitologie aangeteken: Narcissus het die nimf met die fraai klanknaam, Echo, verstoot. Hy wou niks van haar hoor of weet nie. En sy straf was om verlief te raak op sy eie spieëlbeeld wat hy in 'n stil poeletjie water gesien het.

Dié droewige mite het 'n mensewerklikheid geword – om jou só van ander af te sluit dat jy net die oorverdowende "geraas" van jou eie verstaan van die wêreld hoor.

Die ironie is dat dit dikwels sulke mense is wat kla oor te veel omgewingsgeraas en dan die stilte gaan opsoek by hul eie wegbreekplekkies, in kloosters of in afsonderingsoorde. Om daar hulself in die stilte te probeer vind. En dit juis nie regkry nie weens al die innerlike geraas wat hulle soos 'n boggel op die rug saamdra.

Daaroor het die Romeinse keiser en Stoïsynse filosoof Markus Aurelius (121-179 n.C.) al lank gelede in sy meditasies geskryf: "Mense soek vir hulself rusoorde op die platteland, by die kus of in die berge . . . Dit is tog alte onsinnig, omdat jy net wanneer jy wil, toevlug in jouself kan neem. Immers, 'n mens kan nêrens rustiger of meer ontspanne verkeer as in jou eie siel nie . . ."

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-03-03-wilhelm-jordaan-wanneer-die-lawaa-i-nie-van-buite-kom>